**Saterdag 22 Julie**
**Skrifgedeelte: Johannes 3:1-21**
**Fokusgedeelte: Johannes 3:6**

## Lewe soos iemand wat uit die Gees gebore is

Johannes 3 vertel van Nikodemus die Fariseër, ’n geleerde op die gebied van die Ou Testament. Hy besoek Jesus in die nag, omdat hy nie wil hê dat die ander Fariseërs moet weet van hierdie besoek nie.

Nikodemus wil nie soos die ander Fariseërs Jesus vasvra nie. Hy wil rêrig by Jesus leer. Ons sien sy opregtheid in sy stelling dat hy regtig glo dat Jesus van God af kom. Jesus begin praat oor hoe ’n mens in die koninkryk van God kom. Nikodemus het kop-kennis van die Ou Testament gehad, maar hy het nie die evangelie wat daarin uiteengesit is, verstaan nie.

Jesus verduidelik dan vir hom dat ’n mens slegs deur geloof gered word, en verwys na Numeri 21:4-9 wat handel oor die Israeliete wat deur giftige slange gepik is ná hulle opstandigheid teen God, asook die beeld van ’n slang wat op God se bevel op ’n paal gesit is sodat diegene wat in geloof opgekyk het na die paal, gesond geword het van hulle slangbyte. So wys Jesus dat redding deur geloof kom. So sou verlossing van sondes kom deur op te kyk na die verlossingswerk van Jesus aan die kruis.

Tog kan niemand opkyk na Jesus as die Heilige Gees nie geloof in hom bewerk nie. Hy moet eers uit die Gees gebore word. Wanneer iemand uit die Gees gebore is, is dit sigbaar in sy lewe: dan is ons seker van ons verlossing, omdat ons glo dat ons Vader sy eniggebore Seun gegee het sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. Dan wil ons gehoorsaam aan Hom lewe.

Mag die vaste geloof in die redding wat Jesus gebring het, jou dring om te leef soos iemand wat uit die Gees gebore is.

*Sing: Skrifberyming 1-3:1-3*

*Ds. PJ Hattingh (Peter) (Vanderbijlpark Trinitas)*